


PRESIDENTSREDE 2021

TLU SA is in 1897 gestig en is vanjaar 124 jaar oud. Drie jaar ná die stigting was ons in die 2de Vryheidsoorlog teen die magtige Engeland betrokke. Ons land staan oor die 30 000 mans, vroue en kinders aan die dood af.

In die Bethuliekonsentrasiekamp, ongeveer 121 jaar gelede, sit mev. Anette Marais op ’n stomp en skud die stof van haar verslete klere af. Rondom haar sit ’n groepie bekende gesigte van moeë vroue. Net ’n paar treë verder is die hoë draad van die konsentrasiekamp. Sy slaan haar Bybel oop en begin lees. Sy het in die donker ure van die nag met God geworstel en Hom gesmeek vir ’n boodskap om hierdie vroue te bemoedig, want wie weet hoe lank nog...

Anette lees die woorde van Mattheus 10:29 – “ Word twee mossies nie vir ’n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie.” Terwyl sy besig is om hierdie woorde te lees, kom sit daar ’n klein vaal mossie op haar skouer. Die groep vroue staar in verbasing na wat voor hulle gebeur, en só word die mossie die teken van hoop in die onmoontlike omstandighede van die konsentrasiekamp in Bethulie.

Dit is ongelooflik om in die maande wat volg om te sien hoe die mossies van Bethulie ’n baken van geloof en hoop vir hierdie vroue word.

Op 31 Mei 1902 was die oorlog verby. Anette het op pad terug na haar huis, wat tot as verbrand was, by ’n vrou met invloed gestop en haar van die mossieboodskap vertel. Sy het dit weer oorvertel en Genl. Jan Smuts het in 1923 die mossie op die land se kleinste munstuk, die kwartpennie, laat verskyn, en later verskyn hy dan ook op ons 1c. Baie jare later sit die sanger Jak de Priester sonder werk in Londen. Hy lees uit sy Bybel die mossieboodskap en bid vir werk. Die volgende dag word hy aangestel, en op pad terug op ’n bus tel hy ’n Suid-Afrikaanse 1c op met die mossies agterop. Hy besef dat God daar by hom op die trein is en dat gebed sy waarborg in hierdie stukkende wêreld is.

Boere: al lyk die toekoms van landbou en hierdie land hóé donker, weet dat daar deur die genade van ons Hemelse Vader hoop is. Sien die mossies op u pad raak. Sien TLU SA as u mossie. Bemagtig TLU SA deur u ondersteuning en deelname, sodat ons saam hoop vir u en boere in die land kan skep.

Die waarde van ’n produserende kommersiële boer het die laaste jaar al hoe duideliker geword. Waar só baie stelsels in duie stort was dit inderdaad die boere van Suid-Afrika se bydrae wat veroorsaak het dat ons land steeds funksioneer. Sonder kos op die tafel sal elke meganisme in duie stort. Die afgelope tyd se anargie het hierdie saak opnuut beklemtoon.

Ons land gaan gebuk onder ’n beleidsomgewing wat ernstig deur die markte bevraagteken word. Reeds voor Covid-19, wat terloops buiten apartheid en rassisme vir amper alles wat nie funksioneer nie, die skuld kry, het die markte Suid-Afrika geweeg en te lig gevind. Die ANC se beleid het oor baie jare veroorsaak dat veral beleggersvertroue afgebreek word en die ekonomiese kragte worstel om te wen teen die onrealisme waarmee die ANC-regering volhard. Ons is afgegradeer na rommelstatus nog voor Covid-19 ingeskop het. Daarna het die inperkingsmaatreëls die ekonomiese omstandighede nog verder versleg.

Daar sal iewers eerlik geraak moet word oor die beleidsomgewing en veral die implikasies daarvan vir Suid-Afrika. Met ongeveer 68% van ons land se inwoners wat verstedelik is, kan enige regdenkende mens besef dat seker die grootste bate wat ons land kan hê juis ’n produserende boer is wat toesien dat ons verbruikers kos op hulle tafels kry. Wat gaan dit nog verg om hierdie begrip by die regering tuis te bring? In amper elke regeringsaankondiging word daar van transformasie melding gemaak. Wat word daarmee bedoel? Dit word ervaar dat die ANC-regeringsaspekte soos SEB, gelyke indiensneming, grondhervorming, herverdeling van bates, ens. daarbinne verpak. Nog nêrens in die wêreld het die verdeling van welvaart enigsins ’n volhoubare uitkoms gehad nie. Gelyke armoede is die noodwendige gevolg.  Die gesentraliseerde beheer waarop die regering afstuur het as model nog net wêreldwyd armoede en onderdrukking veroorsaak.

Suid-Afrika het tans oneindige sosio-maatskaplike probleme van werkloosheid van 44,4% en armoede. Die werklikheid is tans dat die probleem jaarliks met die huidige beleidsomgewing vererger. Daar is net een oplossing en dit is om ekonomiese groei te verkry. Groei kan nie maar net aangekondig word nie, en kan  net verkry word indien die privaat sektor positief reageer op ’n gunstige klimaat, wat die regering veronderstel is om te skep, waarbinne entrepreneurs en beleggers graag besigheid wil doen. Die ongelukkige werklikheid is dat die uitvloei van kapitaal in hierdie tyd seker nog die hoogste ooit is net omdat die nodige vertroue nie daargestel word nie.

TLU SA was herhaaldelik op rekord waar ons gepoog het om dít wat die land ekonomies sal stabiliseer, met die regering te deel. Die afgelope drie jaar het ons buiten persoonlike skrywes aan die Presidensie ook tydens gesprekke met regeringslui en ook met verklarings deurlopend dít wat sukses sal teweegbring, uitgewys. Ongelukkig is ons werklikheid dat dit duidelik is dat daar nie van hierdie vernietigende beleid van die ANC afgesien sal word nie. Suid-Afrika en sy inwoners gaan nog duur daarvoor betaal. Dit is veral die armste groepering van inwoners wat die hardste getref gaan word.

In ’n demokrasie het die regering twee primêre verantwoordelikhede, naamlik om na die inwoners se veiligheid om te sien en ook om met die beleidsomgewing ’n gunstige klimaat daar te stel waarbinne beleggers graag in die ekonomie betrokke wil raak. Daagliks ervaar ons ’n regering wat om verskeie redes klaaglik misluk in hierdie primêre verantwoordelikhede. Die kundigheid in die land bestaan om beide hierdie sake positief te rig, maar daar word eerder gekies om deur middel van kaderontplooiing persone wat naby die ANC-vuur geposisioneer is in invloedryke posisies te plaas in plaas daarvan om die beste kandidaat die werk te laat doen ten einde sukses te kan bereik. Voeg hierby die korrupsie en ’n uiterste volharding om rassisties te wees in beleid, uitsprake en optrede deur die politici, en ’n gewaarborgde resep vir mislukking is op die tafel. Vir hoe lank die regering nog met sy beleid van SEB wil volhard en daardeur vir sy eie mense sê dat hulle nie in eie reg in staat is om sukses te bereik nie, is ’n ope vraag. Die beleid van SEB is inderdaad ’n klap in elke swart inwoner van die land se gesig.

Ons sê dit weer – ekonomiese groei word verkry wanneer die regte beleidsomgewing daargestel word en ’n veilige omgewing geskep word waarbinne elkeen graag sal wil woon en werk. Die sterkste grondslag vir persone om kapitaal te belê is sekerlik gebou op die beginsel van privaat besitreg. Die regering moet homself die vraag afvra of enige persoon by sy volle verstand kapitaal op groot skaal in ’n land sal belê waar die grondwet bepaal dat bates afgevat kan word van die inwoners sonder om daarvoor te betaal. Dit is blatante diefstal en om só iets grondwetlik te wil maak impliseer dat die persone wat dit wil doen, inderdaad ’n groep kriminele is. Die verdraaiing van die geskiedenis oor grondbesit soos dit deur die eeue ontsluit het met ’n klomp leuens daaraan gekoppel het nou al veroorsaak dat wit mense uitgekryt word as gronddiewe. Dit word gestel dat elke boer sy grond wettig besit en dat dit inderdaad gestaaf word deur ’n titelakte wat die staat uitreik. TLU SA het etlike jare gelede reeds ’n beloning van R100 000 uitgevaardig aan die persoon wat kan kom bewys dat een van ons lede sy grond gesteel het. Die geld is steeds veilig!

TLU SA se kultuur is om ons nie blind te staar teen dít wat verkeerd is nie, maar om veel eerder toekomsgerig te werk aan oplossings. Die dilemma wat ervaar word is dat daar

rolspelers is wat deurlopend poog om ’n ander geskiedenis te skep as dít wat opgeteken staan. Daar kan baie maklik deur verskillende groepe beskuldigings heen en weer geslinger word oor die geskiedenis wat nie noodwendig só deur die ander groep ervaar is nie. Na ’n heeldaggesprek in ’n poging om mekaar daaroor te vind, wat duidelik nie maklik gaan gebeur nie, is die vraag wat dit bygedra het om die dag van môre ’n beter dag te maak. Elke mens het bepaalde talente ontvang. Indien dit nie aangewend word nie, moet die blaam nie voor enigiemand anders se deur gelê word nie. Mense moet leer om die verantwoordelikheid wat die lewe van elk van ons vereis, te aanvaar. TLU SA fokus op die toekoms en dit is juis ook só vervat in die kultuuropdrag wat duidelik vir ons in die Bybel uiteengesit word.

Ons fokus is juis om kommersiële boere veilig en volhoubaar op hulle grond te hou. Dit is ons mandaat en daarom fokus ons op landbou en om dit te laat lewe. TLU SA beywer hom dus om konstruktief te fokus op bepaalde aspekte en poog om ’n positiewe uitkoms te bewerkstellig.

Die volgende terreine is belangrik vir die toekoms van landbou. TLU SA sal nie net die boere versaak nie, maar ook die verbruikers in Suid-Afrika, indien daar nie beding en gewerk word vir positiewe uitkomste op hierdie terreine nie.

- Veiligheid – met die tyd word daar net al hoe meer besef en ervaar dat die staat nie in staat is om sy verantwoordelikheid ten opsigte van die veiligheid van die inwoners van Suid-Afrika na behore na te kom nie. In die landbou-omgewing het die omvang van misdaad met rasse skrede versleg. Persoonlik sê ek misdaad is buite beheer. Buiten plaasaanvalle en -moorde, wat alreeds vanjaar op 32 moorde in 171 aanvalle staan, het die diefstal van produkte, vee, infrastruktuur en toerusting ongekende afmetings aangeneem. Dit bring mee dat boere grootliks op hulleself aangewese is om na hulle eie veiligheid om te sien. Boere: as u nou nog nie betrokke is nie, dan is ek jammer vir u. Vir dié wat is, dankie vir wat u doen, kom ons gaan verbeter dit. My siening is dat 10% in gemeenskappe by veiligheid betrokke is en 90% nie. Dit plaas ongelooflike druk op die 10% om seer te kry, vervolg te word of selfs dood te gaan vir die 90%. Rapporteer asseblief ook alle misdaad by SAPD, al is die waarde van die verlies hoe gering. Wanneer dit gesê word, wil ons dadelik ’n woord van groot dank rig teenoor daardie SAPD-lede wat steeds volhard om met integriteit hulle taak te probeer uitvoer. Die omstandighede vir die eerbare SAPD-lid is ook nie aldag maklik nie en wil ons vir diegene baie sterkte toewens.

- Ongunstige beleidsomgewing – ’n gesonde beleidsomgewing is die basis vir sukses vir die daarstel van ’n omgewing waarbinne daar in vele opsigte sukses in ’n land behaal kan word. Weinig van die huidige beleidsomgewing kan goedgepraat word. Die markomgewing evalueer enige onderneming deurlopend vir die toepassing van ’n beleid. Net so word ons

land deurlopend geëvalueer vir die kwaliteit van wat die regering besluit. Die kabinet kan vergelyk word met die direksie van 'n maatskappy – in hierdie geval die direksie van Suid-Afrika Beperk. Tans word die besluite van die direksie negatief beoordeel en is ons op 'n glybaan van mislukking geplaas. Hoe lank gaan die aandeelhouers, met ander woorde die inwoners van Suid-Afrika, steeds tevrede wees met hierdie beleidsomgewing wat inderdaad nie 'n toekoms vir die aandeelhouers skep nie? TLU SA sal voortgaan om telkens die ekonomies korrekte keuse uit te bou en te bevorder. Indien die land nie 'n wending gaan neem in hierdie verband nie, sal ons uiteindelik as deel van die mislukkings van Afrika in die anale afgaan. Dit sou goed wees indien die regering deursigtig en eerlik sou raak oor sy pad na sosialisme en kommunisme. Die markte sou dan na behore kon oordeel en veroordeel. Dit sou moontlik 'n inkeer teweeg kon bring. Om die transformasie-agenda van die regering goedsmoeds te ondersteun en selfs uit te bou is in die praktyk ondersteuning vir die ANC om hulle doelwitte van hulle NDR, naamlik gesentraliseerde beheer, te bereik. Ons pleidooi aan alle rolspelers is om te besin in hoe 'n mate daardie ondersteuning gegee kan word. Die uitkoms daarvan sien ons reg noord van Suid-Afrika.

• Die werklikheid vir Suid-Afrika se toekoms is te belangrik vir organisasies om gefragmenteer elk op hulle eie te poog om die toekoms te verbeter. Daar sal daadwerklike samwewerking gesoek moet word, maar dan rondom die regte beginsels. TLU SA is by herhaling op rekord dat ons dit nastreef om saam met ander orgnisasies te werk vir die regte redes. By die ad hoc-groep vir die beskerming van eiendomsreg is TLU SA 'n aktiewe rolspeler saam met meer as 50 ander organisasies en al sou ons oor ander sake met mekaar verskil, is die beginsel waarvoor hierdie rolspelers gesamentlik opstaan 'n belangrike aspek waarsonder daar nie enige positiewe uitkomste bewerkstellig sal kan word nie. Dit is TLU SA se standpunt dat daar meer gesoek moet word na wat onderskeie organisasies gemeen het ten einde kollektiewe wringkrag en bedinging te kan genereer. Die rigting van Suid-Afrika verg groot en dinamiese insette – die probleem is te groot vir enkele organisasies, dit is inderdaad 'n probleem vir die hele Suid-Afrika.

• Die gesamentlike gewig van Suid-Afrika se werklikhede bring mee dat gemeenskappe in vele opsigte na selfstandigheid sal moet streef. Eie strukture gaan vorentoe in alle opsigte 'n al hoe belangriker rol speel. Dit behels 'n verskeidenheid aspekte, van veiligheidsaangeleenthede tot onderwys en opleiding, maatskaplike ondersteuning, rampbestuur, en so kan aangegaan word. Die staat neem ons belasting, maar dit word op só 'n wyse aangewend dat daar baie vrae ontstaan wanneer daar na die effektiwiteit van dienslewering gekyk word. Met ongeveer 6 miljoen belastingbetalers om ongeveer 60 miljoen, waarvan ongeveer die helfte werkloos is, se behoeftes te moet bevredig, kan op geen wyse volhoubaar wees nie.

- TLU SA moet voortgaan op sy gebaande weg om uitvoerbare doelwitte daar te stel wat prakties uitvoerbaar is. Die krag van ons organisasie is juis op grondvlak gesetel, waar die werklikhede ervaar word en vanwaar die insette deur die struktuur na die UK gebring word, wat daaraan beslag gee. In dié verband wil ek vir elke lid baie dankie sê wat help om ons grondvlakstrukture in stand te hou en te laat funksioneer. Sonder ons boereverenigings en ons boere-unies verloor ons 'n groot klomp van ons wringkrag. Dit is in praktyk die werklike tande van georganiseerde landbou. Ons moet onsself ook deurentyd evalueer om seker te maak ons bereik doelwitte wat ons stel. Graag wil ek van die geleentheid gebruik maak om die die nuutverkose lede van die Uitvoerende Komitee geluk te wens, asook die herverkose lede te bedank vir julle lojale ondersteuning. Dankie vir julle bereidwilligheid om as streeksvoorsitters die leisels op streeksvlak te vat, maar ook as deel van die UK. Dankie vir goeie, positiewe en rigtinggewende insette wat julle in belang van TLU SA en landbou lewer. Ook aan die personeel van TLU SA, dankie vir julle diens en opofferings, dit word opreg waardeer. Julle is die beste span!
- Die aanvaarding van die verantwoordelikheid van lidmaatskap en wat dit alles behels is 'n kritiese aspek nie net vir die lid self nie, maar ook vir die kollektiewe bedinging wat noodsaaklik is om ons stempel af te druk. 'n Klein bietjie inset van elke lid bring ons by 'n baie sterk gesamentlike vermoë wat vir ons elkeen se voortbestaan vorentoe al hoe belangriker gaan raak. 'n Gedeelde las is 'n hanteerbare las. My pleidooi aan ons lede is om julle hande op te steek vir die verskillende behoeftes wat op grondvlak nodig is om daar op plaaslike regeringsvlak reeds te help om ons reg te posisioneer. Elke lid is 'n leier in eie reg en daardie gesamentlike krag gaan vorentoe al hoe belangriker raak. Kom ons gaan haal ook daardie boere wat nie lid is nie – op só 'n wyse skep ons net groter wringkrag vir ons almal se voortbestaan.

Dankie aan al die nuwe lede en spesifiek die boere in die Noord-Kaap, wat ten spyte van jare se droogtes as lede by TLU SA aangesluit het. Mag ons Hemelse Vader julle toevou in liefde en ook aan julle uitkoms gee. Mag julle hoop ook gevestig bly in Hom, soos waarna ek aan die begin verwys het in Mattheus 10:29. Dankie vir boere wat voer skenk. Dankie vir organisasies wat dit moontlik maak om voer af te lewer by honger diere. Dankie vir boereverenigings en boere-unies, boere en hulle gesinne wat hoop stuur in die vorm van kos en ander items. Dankie vir boere en lede van die publiek of eerder dan verbruikers, wat finansiële bydraes lewer. Ja, ons plak dalk net pleisters, maar u bring hoop. Mag die Here u seën.

- Ons ingesteldheid kan in dié dae so maklik negatief raak. Omstandighede kan in vele opsigte nie as hoofsaaklik gunstig beskou word nie. 'n Positiewe mens kan kreatief en skeppend hulle gedagtes laat gaan. Negatiwiteit plaas sodanige persone op 'n spiraal in die verkeerde rigting. Covid-19 het 'n ernstige invloed op feitlik elke familie en ook gemeenskappe gehad. Ons het dit die afgelope jaar baie erg ervaar om nie meer by mekaar te kan uitkom nie. Dit is ervaar by die skool, die kerk, in kultuur, sport en ook in landbouverband. Dit is so maklik om te kan vereensaam. Ek verneem van gemeenskappe waar hulle mekaar in hierdie tyd "aanneem" en doelbewus 'n uitreikaksie daarstel om met mekaar te skakel en ondersteuning te gee vir veral ons seniorburgers. Dit is baie positief en ons kan mekaar sodoende onderskraag in daardie moeilike omstandighede sodat iemand nie alleen met trauma hoef te worstel nie. Met 'n vaste geloofsbegronding kan ons juis positief wees – kom ons hou daaraan vas. TLU SA het in die laaste jaar lede, vriende en bekendes in die landbou as gevolg van Covid-19, plaasmoorde en ander trauma verloor. Baie lede het familie en vriende verloor. Namens TLU SA wil ek ons innige medelye betuig met u verliese. Mag u vertroosting vind in die Here. Ons tyd op aarde is tydelik en kort. Leef voluit tot eer van Hom, en mag ons almal uitsien na 'n ewige lewe hierna.

- 'n Ingeligte persoon is in 'n beter posisie om goeie besluite te kan neem. TLU SA versprei op 'n maandelikse basis ons Pitkos-dokument wat heelparty brokkies inligting in bevat wat tot voordeel van ons lede strek. Daar is byvoorbeeld hierdie jaar beter pryse vir onder andere brandstof en kunsmis beding. Lede kan net die voordele benut indien hulle daarvan weet. Ons gooi nie lede met inligting toe nie, maar wil tog 'n vriendelike versoek tot ons lede rig om kennis te neem van wat in Pitkos tot hulle eie voordeel versprei word. Kommunikasie is van kardinale belang en ek wil graag vandag vir drie van ons vennote baie dankie sê vir hulle besonderse bydrae elk op hulle eie terrein. TLU SA druk sy stempel baie effektief in die laaste tyd af en hierdie drie, naamlik Edge Communications, Boermedia en Impact Now, het elk 'n reusebydrae gemaak in die proses om TLU SA se standpunte en boodskap uit te dra. Om beginselgedrewe te bly en nie vir 'n pawiljoen te speel nie maak dit maklik om namens TLU SA standpunt in te neem. Dit is dan maklik om elke keer dieselfde boodskap te kan huldig. Ons is baie dankbaar dat ons al hoe meer in ons standpunt in ag geneem word. Besef net weereens dat dit die regte weg is om beginselgedrewe koers te hou – dit dra mens altyd die verste.

Graag wil ek dankie sê vir ons lede vir wat julle deurlopend bearbei om landbou te laat lewe. Dit is inderdaad ewigheidswerk wat gedoen word. Ons uitdagings in baie aspekte is omvangryk. Kollektiewe hantering is ons sterkste wapen. TLU SA het insette gelewer voor die Parlementêre portefeuljekomitee oor die beoogde wysiging van Art 25 van die grondwet sowel as die onteieningswet. Insette is gelewer oor die voorgestelde wysiging van die

vuurwapenwet. Ons het insette gelewer op die nuwe landbouplan waarmee die regering tans besig is, naamlik die Agriculture Agro Master Plan (AAMP), waarin ons die gebrek aan suiwer ekonomiese beginsels uitgewys het en beter voorstelle gemaak het. TLU SA sal voortgaan op hierdie weg.

Ons kry elke dag krag en groot genade van ons Hemelse Vader. Dit is ons rigsnoer en bevestig TLU SA in ons grondwet en manifes ons geloof in God Drie-enig soos geopenbaar in sy Woord, die Bybel. Mag ons altyd daaraan vashou en elk help dat ons as organisasie ons eerste tot eer van God uitleef.

Gaan vandag en soek die mossies op u pad. Sien hulle raak, besef dan dat daar altyd hoop is, weet dat die Here altyd na ons sal kyk, ons sal oppas en versorg, al is die toekoms in die land en in landbou hóé donker.

’n Geseënde mossiedag vir u.

Ek dank u.